



MEDIAVERKLARING

Datum van verklaring: 06 Februarie 2015

GEEN EMBARGO

Gebruik beheerliggaamverkieping om verskil te maak, sê FEDSAS

Skoolbeheerliggaamverkiepings begin op 1 Maart landwyd. Dié verkiesings vind elke drie jaar plaas en is naas die nasionale, provinsiale en munisipale verkiesings die grootste verkiesing van openbare verteenwoordigers in Suid-Afrika.

“Openbare skole behoort aan die gemeenskappe waarin die skole geleë is en hierdie skole word deur die betrokke beheerliggaam beheer en bestuur. Die beheerliggaam het dus 'n groot invloed op kinders se opvoeding en bepaal onder meer 'n skool se etos en missiestelling, beleid oor toelating, taal en finansiële bestuur. Die verkiesing stel ouers in staat om 'n sê te hê in wie op die liggaam moet dien wat sulke ingrypende besluite oor hul kinders se opvoeding neem en wat 'n direkte invloed het op die gehalte van opvoeding wat hulle kinders kry,” sê mnr. Paul Colditz, uitvoerende hoof van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS). Enige ouer wat 'n kind van graad R tot graad 12 in 'n openbare skool het, mag hom- of haarself verkiesbaar stel of stem in die verkiesing.

Onderwys in Suid-Afrika word deur baie probleme in die gesig gestaar. “'n Hele paar van hierdie probleme kan egter aangespreek word deur vaardige, kundige en toegewyde beheerliggame. Die sukses van 'n skool is direk gekoppel aan die vermoë van die beheerliggaam. Ouers móét dus stem om seker te maak dat die belange van hul kinders, maar ook die breër skoolgemeenskap gedien word.”

.../vervolg

FEDSAS verteenwoordig die belange van meer as 1800 skoolbeheerliggame in Suid-Afrika. “FEDSAS sal weer vanjaar uitgebreid betrokke wees by die verkiesing in terme van bewusmaking en opleiding,” sê dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van FEDSAS. Dit sluit in toegang tot kenners op die gebied van skoolbeheer- en bestuur wat vir media-onderhoude, analise en die vertolking van verkiesingsprosedure beskikbaar is.

“Om ouers bewus te maak van die verkiesing, asook die prosedures is ons belangrikste taak. Ná afloop van die verkiesing sal FEDSAS ook weer sy hulpbronne en kennis beskikbaar stel om beheerliggame op te lei en toe te rus vir die taak,” sê Deacon.

FEDSAS wil dit benadruk dat die verantwoordelikheid nou op ouers rus om 'n verskil te maak. “Hoe meer mense aan die verkiesing deelneem, hoe hoër is die gehalte van skoolbestuur. 'n Oneffektiewe beheerliggame ontnem 'n skoolgemeenskap van bedingingsmag met die staat en selfs die breër gemeenskap,” sê Colditz.

'n Spesiale afdeling is op die webtuiste www.fedsas.org.za geskep waar inligting oor die beheerliggameverkiesing beskikbaar is. Kliek op die volgende logo op die webtuiste:



FEDSAS is ook aktief op sosiale media – gebruik **#SGBelec** vir soektogte:



www.facebook.com/FEDSAS



@fedsas1

Kontakbesonderhede

FEDSAS se nasionale kantoor:

| Naam | Posisie | Kontakbesonderhede |
|-------------------|------------------|---------------------------|
| Mnr. Paul Colditz | Uitvoerende hoof | 082 414 5359 |
| Dr. Jaco Deacon | Adjunkhoof | 083 795 2928 |

.../vervolg

FEDSAS se provinsiale bestuurders:

| Provinsie | Naam | Kontakbesonderhede |
|---------------|-----------------------|--------------------|
| Gauteng | Me. Melanie Buys | 078 451 8104 |
| Limpopo | Mnr. Faan Visagie | 078 451 8026 |
| Mpumalanga | Me. Constance vd Walt | 078 451 8019 |
| Vrystaat | Mnr. Chris Verhoef | 078 800 0335 |
| Noordwes | Me. Riana Vos | 081 011 4988 |
| Noord-Kaap | Mnr. Woeras Grobler | 078 451 8120 |
| Oos-Kaap | Mnr. Abe Smith | 078 451 8107 |
| KwaZulu-Natal | Mnr. Paul Rencken | 081 011 4993 |
| Wes-Kaap | Mnr. Graham Bam | 078 894 9552 |

(FEDSAS is 'n vrywillige vereniging van skoolbeheerliggame van openbare skole en staan die behoud en bevordering van gehalte-onderwys in dié skole voor. Meer as 1800 openbare skole is reeds lid van FEDSAS.)

Vir verdere navrae rakende die inligting in hierdie mediaverklaring, tree asb. in verbinding met:

Mnr. Paul Colditz (Uitvoerende hoof: FEDSAS)

082 414 5359

Dr. Jaco Deacon (Adjunkhoof: FEDSAS)

083 795 2928



www.facebook.com/FEDSAS



[@fedsas1](https://twitter.com/fedsas1)

Hierdie mediaverklaring is voorberei deur Broca Media, amptelike mediakonsultant van FEDSAS
Ons verwysing: Broca/Fedsas15/03/afr

